# NSS-EKSAMEN 2025 SLUIT VLOT AF TE MIDDE VAN REKORD KANDIDAATGETALLE

Die 2025 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS) het amptelik tot 'n einde gekom na 'n maand lange akademiese marathon waaraan meer as 900 000 geregistreerde kandidate landswyd deelgeneem het. Volgens die Departement van Basiese Onderwys (DBO) is die eksamenseisoen grootliks sonder noemenswaardige ontwrigting afgehandel. Dié sukses onderstreep die verbeterde operasionele stabiliteit in die onderwysstelsel – maar dit laat terselfdertyd ernstige vrae oor leerderwelsyn en etiese praktyke by sommige skole.

Die DBO het die administrasie van die 2025 NSS-eksamen as 'n sukses bestempel, aangesien 'n geslaagde eksamen moet voldoen aan die beginsels van regverdigheid, integriteit en sekuriteit. Vanuit 'n nasionale oogpunt word die 2025-eksamen as suksesvol beskryf op grond van verskeie kriteria wat die integriteit en geloofwaardigheid van die proses beskerm, insluitend:

- **Administrasie**: Soomlose administrasie is verseker deur die stiptelike en gesinchroniseerde aflewering van 199 eksamenvraestelle by ongeveer 6 955 sentrums landwyd.
- **Sekuriteit en integriteit**: Geen groot vraestellekke is aangemeld nie. Geringe insidente, soos besit van selfone of afskryfnotas, is ingevolge die Nasionale Beleidsriglyne hanteer. 'n Ondersoek is van stapel gestuur in KwaZulu-Natal waar 'n onderwyser glo vooraf antwoorde aan 52 kandidate voorsien het.
- **Voldoende personeel en hulpbronne**: Hoewel daar, soos elke jaar, 'n tekort aan opgeleide nasieners is, is 51 104 nasieners vir die 2025 nasienperiode aangestel. Die 183 nasiensentrums is op 28 November geaktiveer – die sogenaamde oorgangsdag tussen skryfwerk en nasien.
- **Hoë deelname en min ontwrigting**: Ondanks die land se onderskeie sosiale uitdagings, kon 903 561 geregistreerde kandidate hul eksamens met minimale onderbreking skryf. Waar plaaslike protesoptogte wel ontwrigting veroorsaak het, het die vinnige ingryping van die Polisie verseker dat kandidate sonder versuim kon voortgaan.
- **Effektiewe moderering en standaardisering**: Teen 28 November 2025 was 95,83% van die Nasien Standaardiseringsvergaderings (Marking Standardisation Meetings (MSMs)) voltooi, wat beteken dat gemagtigde nasienriglyne vir 96 vraestelle reeds ingestel is .

### 'n Jaar van Leerderwelsyn-Kwessies

Alhoewel die administrasie van die eksamen oor die algemeen goed verloop het, het die afgelope maand ernstige insidente blootgelê wat die kwessie van leerderwelsyn op die voorgrond geplaas het. Amptelike verslae het verskeie uiterste en ontstellende insidente in die laaste weke van die eksamen bevestig, wat die

grootste kommer was.

Traumatiese insidente sluit in:

- In Gauteng het kandidate die moord op hul skoolhoof net voor die eksamen beleef.
- ’n Onderwyseres in KwaZulu-Natal het beheer verloor oor ‘n voertuig, wat gelei het tot die besering van vier kandidate – een ernstig.
- Twee gevalle van verkragting het kandidate verhinder om die eksamen te voltooi.
- In Limpopo is kandidate wat in 'n skoolsaal oornag het, deur gewapende rowers aangeval.

Daar was ook 'n groot aantal gevalle waar leerders siek geword het en in die hospitaal moes skryf of die eksamen nie kon voltooi nie. Die 3–4% afwesigheid onder kandidate is beduidend en vereis onmiddellike en verdere ondersoek deur die Departement.

Kommerwekkend is die voortdurende uitdaging van skoolhoofde wat kandidate onregmatig verhinder om sekere vakke te skryf as gevolg van verwagte swak prestasie. Hierdie praktyk ondermyn die integriteit van die proses en word ten sterkste veroordeel. Dit is duidelik dat die onverbiddelike fokus op distriks- en provinsiale kompetisie hierdie onetiese gedrag, insluitend die aanmoediging van kullery deur onderwysers in sekere gevalle, direk aanwakker en sodoende die beginsels van regverdigheid en integriteit kompromitteer. Dit is noodsaaklik dat hierdie tendense ferm aangespreek en ondubbelsinnig veroordeel word.

Die psigo-sosiale druk op kandidate het drasties toegeneem. Hierdie kommer word gestaaf deur DBO-verslae wat hoë vlakke van angs en spanning onder leerders rapporteer. Die bywoning van uitputtende naweek- en vakansieklasse het in talle provinsies die norm geword. Dit is ‘n ondermynende praktyk wat nie noodwendig die verwagte resultate lewer nie en slegs leerders se tyd vir nodige rus en herstel drasties inkort. Gekombineer met die traumatiese nalatenskap van die COVID-19-era, is die resultaat 'n toename in kroniese eksamenangs en spanning. Teen die tyd dat die eksamen begin, is 'n ontstellende aantal kandidate fisies moeg en emosioneel uitgebrand.

Die onderwysstelsel moet dringend drie kernareas aanspreek om die integriteit van die NSS-proses te herstel en die welstand van leerders te prioritiseer:

- Etiese Aanspreeklikheid en Integriteit: Daar moet 'n onmiddellike en ononderhandelbare einde kom aan die aanmoediging van 'n kultuur van kompetisie rondom prestasie wat onetiese gedrag soos die uitsluiting van kandidate en kullery aanmoedig. Strenger, deursigtige sanksies teen skoolhoofde en opvoeders wat betrokke is by wanpraktyke is noodsaaklik om die integriteit van die eksamen te beskerm.
- Holistiese Geestesgesondheidsprogramme: Die implementering van 'n omvattende geestesgesondheidsprogram oor alle grade om leerders met die nodige vaardighede toe te rus om die oorweldigende angs en spanning wat deur die stelsel veroorsaak word, doeltreffend te hanteer.
- Vroeë Intervensie en Ontwikkeling: Die versterking van vroeë intervensies gedurende die vormingsjare (0–9 jaar) is krities. Dit sal verseker dat akademiese en ontwikkelingsagterstande vroeg uit die weg geruim word en daardeur die onredelike en desperate druk op Graad 12-kandidate om leemtes op die laaste nippertjie te vul, verminder.

Die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) verwelkom die feit dat die nasienperiode volgens beplanning verloop, maar beklemtoon die kritieke rol wat die opvoeders speel in die integriteit van die proses. Dié organisasie moedig opvoeders sterk aan om hul vaardighede as nasieners beskikbaar te stel, veral gesien in die lig van die voortgesette nasionale tekort aan nasieners.

Om die proses te verseker, moniteer die organisasie nasiensentrums regoor die land en handhaaf direkte kommunikasielyne met provinsiale eksamendirektorate. Verder bied die SAOU verskeie platforms aan waar opvoeders enige probleme of bekommernisse oor die nasienproses kan aanmeld vir hantering sover moontlik.

Met die skryfwerk nou afgehandel en die nasienproses in volle swang, verskuif die fokus tydelik na die welsyn van die 51 000+ opvoeders vir die 16 dae lange nasienperiode.

Die land se matrikulante sal op 13 Januarie 2026 hul finale uitslae ontvang – die hoogtepunt van twaalf jaar se harde werk en toewyding.

Die belangrikste les wat uit die 2025-eksamenproses geleer moet word, is die dringende noodsaaklikheid vir verandering wat etiese integriteit en leerderwelsyn bo prestasie plaas. Hierdie nuwe benadering moet drie kernaksies behels: die staking van prestasiegedrewe wanpraktyke, die daarstelling van omvattende welsynsprogramme en 'n volgehoue fokus op vroeë intervensie om die onredelike las op Graad 12-kandidate te verlig.